# W. D. JONKER: OM DIE REGERING VAN CHRISTUS IN SY KERK

*(Intreerede by die aanvaarding van die professoraat in Teologie by Unisa. Mededelinge van Unisa A 39, 1965, 31 bls., 35c)*

Dr. Jonker spreek hier oor 'n „grondwaarheid" (p. 3). Slegs waar uitgegaan word van die feit dat Christus self sy gemeente vergader, beskerm en regeer, kan van 'n egte, Bybelse Kerkregering sprake wees. Hy handel dus oor die *praesentia realis Christi ipsius* (werklike teenwoordigheid van Christus self) in die kerkregering. Sodra die koningskap van Christus verwaarloos word, word die gesag in die kerk verlê in die hande van die mens. Dit het gebeur by Rome met sy *klerikalisme* en by na-reformatoriese Protestantse rigtings met hulle *sekularisme*.

Die *Roomse klerikalisme* gaan uit van 'n omkeerbare verhouding tussen Christus en sy plaasvervanger, die ampsdraer. Hoewel Rome die Koningskap van Christus formeel erken, word dit prakties uitgeskakel wanneer verklaar word dat die pous namens Christus regeer (Unam Sanctam, 1302). Dit hou in dat omgekeerd aanvaar moet word dat 'n daad van die pous 'n daad van Christus is. Uit die Roomse dogma dat die kerk die uitdeelster van die genade is (p. 5), vloei die sakralisasie van die amp deur middel van die priesterwyding voort. Die verhouding tussen Christus en die amp word sodoende onveranderlik vasgelê, 'n *character indelibilis*. Die priester kan nie anders as om vir en namens Christus op te tree nie (vgl. dogma van onfeilbaarheid van die pous, 1870). Die Koningskap van Christus is „op hierdie wyse volledig ingebed in die struktuur van die Rooms-Katolieke hiërargie" (p. 6). Jonker teken Rome kort en saaklik: „Die gesag van Christus is eens en vir altyd oorgedra aan die ampsdraers en is eenvoudig altyd sonder meer in die ampsdraers aanwesig."

Die *Reformatore* het 'n sterk opvatting oor die amp gehuldig, maar nogtans teen die „verselfstandiging van die amp" in opstand gekom. Christus dra nooit sy mag aan die menslike instrument oor nie en Hy laat nie sy direkte regering in sy kerk uit sy Hand neem nie (p. 7). Die ampsbediening is geen *sacerdotium* nie, maar 'n *ministerium*. Calvyn sê dat Christus die ampsdraer gebruik soos 'n vakman sy gereedskap (p. 8). Gevolglik herontdek Luther en Calvyn die regering van Christus soos dit persoonlik en direk *deur sy Woord en Gees* uitgeoefen word.

Jonker sê op sterkte van die Confessio Augustana: „Die bediening van Woord en sakrament is die enigste vorm van regering in die kerk, die inbegrip van alle kerkike mag, die volledige sleutelmag" (p. 9). Die vraag is tog of die regering van Christus met hierdie uitspraak nie te eng en te veel aan die amptelike bediening van die sleutelmag en so aan die besondere ampte gekoppel word nie. Dit is ook net hier waar Jonker se terminologie vir my onduidelik en

inkonsekwent aandoen. Hy spreek oor die funksie van die ampsdraer in die kerkregering, maar gaan sonder meer oor tot die *mag* wat „die kerk" ontleen aan die regering van die Woord „in die kerk". Dit word weer verbind aan die Reformatoriese „ampsopvatting" en voort gehandel oor „regeerwerksaamhede van ampsdraers en kerkvergaderinge". „Kerk" kan sinoniem wees vir vergadering van gelowiges, ampsdraer, kerkraad of kerkvergadering. Ek wil tog die aandag vestig op 'n indruk wat ek kry, naamlik dat in Gereformeerde kringe mode word om van „die kerk" te praat in sinne waarin Calvyn seker van „herders", ouderlinge of „dienaars" sou gepraat het. Die inkonsekwente gebruik van die term „kerk" het in ons Gereformeerde teologie vérreikende implikasies vir die begrip van die verhouding tussen ampsdraer en lidmaat, sodra „kerk" die term word waarmee die „amptelike" teenoor die lidmaat aangedui word. Sou ons dit reg sien as ons beweer dat Calvyn slegs van die „kerk" (as sigbare instituut) praat wanneer hy die eenheid van die liggaam, die lidmate saam met die regeerders, voor oë het? Hoewel Jonker juis op kostelike wyse die stryd aangebind het teen die uitwasse, is dit moontlik dat strenger selfkritiek op sy gebruik van die term „kerk" tot nog dieper besinning sal prikkel. Jonker sien dit ook wel reg, naamlik dat dit gaan om die regering van en in die kerk as vergadering van gelowiges, 'n liggaam van lidmate onder één Hoof (en nie 'n klerikale „hoof" nie, p. 13).

Teenoor die opmerking dat „bediening van Woord en sakrament die *enigste vorm* van regering in die kerk . . " (ek kursiveer, p. 9) is, wil ons stel dat Matt. 18 : 15 ook 'n „kerklike mag' in die kerk (vergadering van gelowiges), al is dit los van en buite die besondere ampte om, verteenwoordig. Hierdie „mag" lê die amptelike handeling selfs apriories ten grondslag (Matt. 18 : 17). Na 'n amptelike afloop keer die mag weer tot die individuele gelowige van Matt. 18 : 15 terug („laat hom vir *jou* wees"). Tog sal ons nie hierdie aprioriese mag, hierdie onderlinge kerklike vermaning met die *terminus technicus* van „bediening van Woord en sakrament" aandui nie. Na my mening dui Matt 18 : 15 juis aan dat daar 'n primêre wyse is waarop Christus persoonlik, direk en konkreet in sy kerk buite die besondere ampte om, regeer. Dit benadruk m.i. die *dienende* karakter van die besondere amp. Hierdie beginsel van die regering buite die besondere ampte om het in die Reformasie reeds sterk na vore getree (Vgl. Wezel 1568, hfst. VIII; Dordtse K.O. 1619, art. 72 en 73). Waar Jonker se betoog afstuur op die beklemtoning van hierdie beginsel, kon hy dit miskien reeds met vrug uit die Reformasie-tydperk ontleed het.

Jonker verklaar met die Gereformeerde beginsel, naamlik dat dit in die kerk gaan om die regering van Christus deur sy Woord en Gees, die onderskeiding tussen *essentialia* (beginselsake) en *circumstantiae* (middelmatige sake). Gevolglik moet gewaak word teen reglementeringe, omdat dit menslike gesag in die plek van dié van Christus stel. Reglementeringe moet dus in Skrifgehoorsame kerkregering beperk word tot die bepalinge wat diensbaar is vir gehoor-

saamheid aan die Woord, die goeie orde en die vrywillige beperking van eie vryheid uit liefde terwille van die gemeenskap (p. 11). Jonker kon hieroor meer gepraat het want van kerkraadstafels af tot sinodes toe word soms geprobeer om die gelowiges te bind aan skemas van puur menslike herkoms.

Jonker onderskei ook kernagtig en prikkelend tussen kerklike en owerheidsgesag en -regspleging en dui telkemale die beslissende kriterium aan: kerkregering is „voortdurend onderworpe aan die kontrole deur Gods Woord" (p. 12). Ampsdraers kan dus in die kerkregering ongehoorsaam wees aan die Woord. Die Reformasie het die mondigheid van die gemeente om met die Woord te beoordeel, na vore gebring. Die strewe na „juridies-suiwere, netjies uitgewerkte reglemente wat alle moontlike wetlike implikasies probeer raakvat", tipeer Jonker as „'n hartgrondige twyfel aan die krag van Gods Woord" (p. 14). Hy stem saam met *Otto Weber* dat die Reformatore slegs „Gottesdienstordnungen" wou skep ten dienste van „die opbou van 'n lewende, aktiewe, belydende gemeente met die erediens as middelpunt" (p. 15). As Weber en Jonker die ideaal van die Reformatore hier reg weergee, moet die moderne geroep om die gemeente of „kerk" met die oog op een of ander skema los van die erediens deur middel van kerklike gesag te „aktiveer", krities daarteen afgeweeg word.

Jonker toon dan ook aan hoe die Reformatoriese kerkreg in Duitsland en Nederland *gesekulariseer* is. Die sekularisasie van die kerkregering het dieselfde resultate gelewer as die sakralisering daarvan deur Rome: *menslike gesag het die gesag van Christus in sy kerk verdring*. Hy skryf dit toe aan inkonsekwentheid by Luther, die krampagtige verkleefdheid aan die idee dat die kerk net 'n predikende „Heilsanstalt" ten dienste van die hele volk (volkskerk) moet wees en die liberale filosofie oor die natuurreg van die individu. Laasgenoemde filosofie glo dat elke mens *ex re et suu natura* 'n mag besit om homself te regeer. In die kerk word hierdie mag deur die verskillende lidmate oorgedra aan die kerk as territoriale en kollegiale vereniging. So verdring die verenigingsmag die mag van Christus in die kerkregering: ampsdraers word amptenare; kerkregering kom neer op kerkbestuur. Daar gaap onvermydelik 'n kloof tussen belydenis en kerkregering: kerkreg gaan op in dooie formalisme, tug gaan op in vrae oor formele punte en handel „nie oor die vraag of die Woord van God aangetas is nie" (p. 19). So kom daar onvermydelik 'n hierargiese element die kerkregering binne. Jonker vind in geen enkele kerkordelike produk van die negentiende eeu enige ruimte vir die regering van die kerk deur die Woord van God of die Belydenis nie (p. 21).

Gedurende die twintigste eeu het daar 'n ontwaking op hierdie terrein gekom. In Duitsland het die Kerkstryd teen die Naziïsme by die Barmense Sinode van 1934 en by die Nederlandse Hervormde Kerk het daar tydens die besetting (1940-1945) „'n kerkregtelike deurbraak" gekom. Die nuwe blik op die Koningskap van Christus is „'n gebeurtenis van betekenis vir die ganse Christelike Kerk" (p. 24).

Nadat Jonker kortliks die reaksie teen die sekularisering aangedui het, stem hy saam met *Rieker* dat in 'n Kerkorde wel tot op sekere hoogte „voorsorgmaatreëls" teen menslike heerskappyvoering in die kerk getref kan word (p. 25). In die opsig bly die Dordtse Kerkorde nog onoortroffe, al sou dit op die oog af minder effektief lyk omdat vergaderinge nie so vinnig soos persone kan optree nie (p. 26, 28). Dié Kerkorde munt egter daarin uit *dat die Woord van God die grens van alle kerklike gesag bepaal*. *Rieker* het volgens Jonker hierdie voorsorgmaatreël teen menslike heerskappyvoering in die kerk nie genoem nie. „Die tug mag nooit verder gaan as die Skrif en lidmate tugtig oor allerlei aangeleenthede wat nie onmiskenbaar duidelik sonde teen God en die heiligheid van sy Verbond is nie. Hierdie grens is meermale oorskry in die ou kollegialistiese kerkreg . . ." (p. 27). Die meerderheid gebruik dan „oor-stemming" in plaas van „ooreenstemming" met die Skrif om sy mag op die minderheid af te dwing (p. 31). As hierdie insigte van dr. Jonker op die Ring van Graaf-Reinet sedert 1841 en op die Ned. Geref. Sinodes van 1847 en 1857 aanwesig was, sou die afskeiding van die Geref. Kerk in Suid-Afrika in 1859 nie nodig gewees het om die koningskap van Christus in sy kerk te eerbiedig nie.

Dr. Jonker beklemtoon ten slotte die roeping van elke gelowige, gemeente, ampsdraer en kerkvergadering om alle kerkike besluite aan die Skrif te toets. In dié verband maak hy 'n interessante opmerking oor die ongelukkige kerkskeuring in die Geref. Kerke van Nederland in 1944. „Die aangrypende van die kerklike stryd is vir ons die feit dat die beswaardes geveg het met die bewussyn dat dit vir hulle gaan om die behoud van die heerskappy van Christus deur sy Woord in die kerk en die uitbanning van alle menslike heerskappy. Daarteenoor het die Sinodales gestry met die oortuiging dat die orde in die kerk eenvoudig eis dat die kontrolering van besluite van meerdere vergaderinge nie op sodanige wyse sal kan geskied dat dit die goeie orde eenvoudig ophef nie" (p. 30).

Hy wys die ratifikasie-vertolking van die Vrygemaaktes af, omdat dit tot independentisme moet lei. Aan die ander kant soek hy egter ruimte waarin „skriftuurlike besware" (p. 30) teen kerklike besluite geduld, gesoek en gewaardeer moet word. Hy meen dat die Geref. Kerke van Nederland hierdie les uit die Vrymaking probeer verdiskonteer het met art. 29(2) van hulle nuwe Kerkorde. In hierdie verband sou ons oorweging wou vra vir die gedagte dat 'n Sinodale besluit met inagneming van die beginsel van *festina lente*, nie afgedwing sal word nie wanneer minstens een meerdere vergadering (bv. 'n Klassis) 'n gravamen teen 'n Sinodale besluit sou handhaaf en volgens art. 46 K.O. na 'n volgende Sinode sou aanstuur.

Dr. Jonker het selfs die gevaar ontloop om te dink dat 'n ideale Kerkorde 'n onbesproke kerkregering waarborg. Hy sê tereg: „Dit blyk immers al dadelik 'n uiters moeilike saak te wees om aan die belydenis van die persoonlike regering van Christus deur sy Woord in die kerkorde 'n konkrete uitdrukking te verleen . . . Dit gaan in

die Christusregering ook om die korrelasie tussen 'n daad van Christus en die geloofsgehoorsaamheid van die kerk. Geen enkele kerkordelike bepaling kan dus waarborg dat die Woord van God nie op die agtergrond gedring sal word en menslike ideologië nie vir die kerk meer gewig sal dra as die Woord van God nie" (p. 25). Dit verbaas gevolglik nie dat die Ring van Johannesburg, waarvan dr. Jonker tans voorsitter is, in 'n tugkwessie ten opsigte van die Christelike Instituut, gevra het na die Skriftuurlike dekking van 'n Sinodale besluit. Om iemand te sensureer (in ban te doen) het die kerk immers 'n duidelike opdrag van Christus voor nodig.

In die rede van dr. Jonker kom wel sporadies wendinge en uitdrukkinge voor wat vreemd of twyfelagtig aandoen: openbaring van die gemeente om die „gepredikte" Woord, „res van die kerk", „individuele gemeente" (p. 14), „waag met die Woord" (p. 17), „misverstand aan die kant van die kerk . . . sy reg . . ." (p. 20, eie reg en kerkbegrip?), „kerk . . . sy lidmate" (p. 27, kollegium?), „kerk" (slotpar. p. 31). 'n Mens lees egter oor die enkele vraagtekens heen en geniet dan die gekonsentreerde fees van Gereformeerde kerkregtelike besinning wat hier gebied word. Van die persoonlike en direkte regering van Christus in sy Kerk, moet elke gelowige, elke kerklike vergadering en elke ampsdraer deeglik kennis neem.

Dr. Jonker bewys hom in hierdie weldeurdagte rede nogeens as 'n Gereformeerde kerkregtelike. Ons wil hom hartlik gelukwens met die onderskeiding wat hom te beurt geval het toe die Teologiese Skool te Kampen aan hom 'n leerstoel aangebied het. Mag sy besluit om in Suid-Afrika te bly die koningskap van Christus in sy kerk dien!

B. SPOELSTRA.

Pretoria.